

'n Onderzoek na onderwysers se perspektiewe op die implementering van omgewingskonsepte in lewensoriëntering in graad 9: 'n Wes-Kaapse gevallestudie

Hierdie proefskrif het ondersoek ingestel na onderwysers se ervaring met die onderrig van die lewensoriëntering vak met betrekking tot die Kurrikulum en Assessering Beleidsverklaring (KABV) se Beleidsdokument vir Suid Afrikaanse skole. Die proefskrif se doelwit is:

- Om onderwysers se begrip vir die implementering van omgewingskonsepte in lewensoriëntering (LO) te ondersoek.
- Om die moontlikhede wat onderwysers beoog vir die implementering van omgewingskonsepte in lewensoriëntering te identifiseer.
- Om die uitdagings in die onderrig van omgewingskonsepte in Lewensoriëntering (LO) te identifiseer en oplossings daarvoor te vind.

Ek het data versamel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, waarneming, artefakte in te win, sowel as dokumente – onder andere die KABV beleidsdokument vir LO in die senior fase (Graad 7-9). 'n Geneste gevallestudie is gedoen by drie skole, met die fokus op die onderwysers se perspektiewe van die implementering van omgewingsverwante onderwerpe in die LO leerplan.

Die studie het bevind dat onderwysers uitdagings in die gesig staar met die implementering van omgewingsbegrippe in lewensoriëntering (LO) in Graad 9. Die uitdagings is, onder andere: 'n beperkte begrip van die konstruk omgewing, 'n basiese onderrig-repertoire wat gebaseer is op 'n benadering wat rondom die onderwyser wentel, min ondersteuning vanaf skoolbestuur en die lae status van die vak onder personeel en leerders.

Ek beveel aan dat onderwysers gehelp word met die onderrig van konsepte wat te doen het met die omgewing om dit sodoende beter te kan oordra aan leerders. Dit kan gedoen word deur geleenthede vir indiensopleiding te skep, beter ondersteuning vanaf bestuur en die aanstelling van vakspecialis onderwysers.

Leonora Dirks

Studieleier: Prof Chris Reddy